

**3 September**

**Efesiërs 4:1-16 (Teks: 4:12)**

***Passiewe passasier of aktiewe bemanningslid?***

Baie mense dink die gemeente is soos 'n luukse passasierskip waar jy wel op weg is, maar so rus-rus. Jy kan maar heerlik ontspaan op die dek terwyl die bemanning jou bedien en in al jou behoeftes voorsien. Jy het immers betaal vir die reis.

Die Bybel leer ons dat die gemeente eerder soos 'n oorlogskip is. Daar is geen passasiers nie, net bemanningslede wat elkeen 'n taak het. Elkeen is onmisbaar. As net een nie op sy pos is nie, beïnvloed dit die funksionering van die hele skip nadelig. Ons teksvers sê dat Jesus Christus, die "Kaptein" van die skip, "offisiere" gegee het om die "bemanningslede" op te lei en toe te rus sodat hulle die werk kan doen. Die "offisiere" is die persone in die besondere dienste of die "ampsdraers" (predikante, ouderlinge en diakens). Die "bemanningslede" is die lidmate wat elkeen in die "amp van die gelowige" staan. Dit is die werk van die lidmate om mekaar op te bou en om uit te reik na hulle wat buitekant die kerk leef. Jesus Christus het immers gesê: "Julle is die sout vir die aarde. Julle is die lig vir die wêreld" (Matt 5:13-16). Só word die gemeente opgebou én groei die gemeente.

Doen jy jou werk in die gemeente? Is jy 'n aktiewe bemanningslid of is jy 'n passiewe passasier?

Sing: Skrifberyming 21:1,4,6 Ds. C.G. van der Merwe (Vereeniging '95)